KULTUUR

TONEELKLUB

Met die Kultuur aktiwiteit poog ons om vars talent te ontgin, selfvertroue te kweek en die genot van dramatiese spel te ontdek. Leerders leer hoe om deur spel en nuutgevonde selfvertroue hulself uit te druk.

Asemhalingsoefeninge en spraakoefeninge sal gedoen word om sodoende hul uitspraak, intonasie en stemwisseling te bevorder. Hulle fokus op die verskeidenheid vertolkingswyses en karakteriserings van karakters. Daar word geoefen om voorbereide en onvoorbereide werk voor maats te lewer op kreatiewe wyses. Leerders leer hoe om op te tree op 'n verhoog en kry die geleentheid om verskeie rolle te verteenwoordig "op die planke" en "agter die skerms".

Ons spog met 'n Junior Toneelgroep (Gr 1-3) en ook 'n Senior Toneelgroep (Gr 4-7).

HOEKOM AAN TONEELKLUB DEELNEEM?

Dramaklasse bied verskeie belangrike voordele vir kinders, wat hul persoonlike, sosiale en akademiese ontwikkeling ondersteun.

Selfvertroue, kommunikasievaardighede, sosiale vaardighede, ontwikkel kreatiwiteit en verbeelding, emosionele intelligensie, fokus en dissipline

LARDIES OPEDAG